



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1 BEGROTINGS**[26 punte, 31 minute]**

Solar Sun (Pty) Ltd is 'n vervaardiger van sonpanele wat in die SAOG-lande versprei word. Die onderneming het gemagtigde aandelekapitaal van 350 000 gewone aandele. 75% van die aandele is met die begin van die onderneming in 2022 uitgereik. Die huidige direkteure is die enigste aandeelhouders. Die netto batewaarde per aandeel is R54,00. Met die toenemende energieprobleem in Suider-Afrika is Solar Sun tans een van die ondernemings in die streek wat die vinnigste groei.

Die volgende begroting is vir Solar Sun (Pty) Ltd opgestel vir die drie maande Mei tot Julie 2025.

SOLAR SUN (Pty) LTD
Kontantbegroting vir die DRIE maande Mei tot Julie 2025

	Mei	Junie	Julie
Kontantontvangste			
Kontantverkope	360 000	A	B
Ontvangste van debiteure	1 440 000	1 440 000	C
Verhuring van sonpanele	289 000	289 000	289 000
Lening	2 800 000	–	–
Installasiegelde	?	D	?
Totale kontantontvangste			
Kontantbetalings			
Direkte arbeid	435 000	850 000	850 000
Direkte materiaal	330 000	594 000	594 000
Fabrieksbokoste	102 000	188 400	188 400
Terugbetaling van lenings	78 000	220 000	220 000
Administratiewe koste	96 000	120 000	120 000
Verkoops- en verspreidingskoste	74 000	138 000	138 000
Boukoste van nuwe aanleg	4 800 000	–	–
Installasiekoste	150 000	150 000	300 000
Totale kontantbetalings	(6 065 000)		
Surplus/tekort	(906 000)		
Beginkontantsaldo	342 000		
Eindkontantsaldo	(564 000)	(455 400)	133 200

Bykomende inligting:

- Die onderneming verwag 'n toename in die vraag na sonpanele. Die produksie-aanleg het maksimum kapasiteit bereik en daarom het die direkteure besluit om die fabriek uit te brei om die **produksie** van sonpanele te kan **verdubbel**. Die projek sal befonds word deur nog 'n lening te verkry.

- Die maksimum kapasiteit van die fabriek is tans **600 eenhede per maand** wat teen 'n koste van R1 445 per eenheid vervaardig word. Alle produkte wat vervaardig word, word in die maand na produksie verkoop.
- Die uitbreiding van die fabriek sal gedurende Mei plaasvind. Die nuwe aanleg sal in Junie met produksie begin en teen Julie sal **dubbel** die getal produkte vir die kleinhandel beskikbaar wees. Daar word verwag dat al die voorraad wat in Julie beskikbaar is, verkoop sal word.
- Verkoops- en verspreidingskoste bestaan uit verpakkingsmateriaal en advertensie koste van R20 000.
- Die sonpaneel is 275 W tot 600 W wat teen R3 000 per paneel verkoop word. Installasiekoste wissel van R70 000 vir 'n middelmatige huis tot R350 000 vir groter geboue wat bereken word teen R450 **per paneel wat benodig word**.
- 80% van alle verkope is op krediet en sal betaal word in die maand wat op die verkoopstransaksie volg. Installasie word gedoen sodra die produk verkoop is.
- Marknavorsing toon dat die vraag na sonpanele vinnig eskaleer en die direkteure verwag dat die ekstra panele wat vervaardig word, onmiddellik verkoop sal word.
- Die onderneming het met die verskaffer van die direkte materiaal onderhandel om materiaal van dieselfde standaard te voorsien vir die ekstra eenhede wat vervaardig word.

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING**[48 punte, 58 minute]**

Nampak is Afrika se voorste verpakkingsmaatskappy. Dit word bedryf van talle persele in Afrika wat tot hul inkomste bydra. Hul verbintenis tot innovasie en ingenieurskundigheid stel hulle in staat om ongeëwenaarde verpakkingsprodukte te lewer, veral wat liggewig-plastiekverpakking vir vloeistowwe en aluminiumblikkies betref.

[Uittreksels uit <<https://www.nampak.com/Investors/Financial-Information>>]

Direkteursverslag

- Oor die laaste twee jaar het die maatskappy talle verliese in Zimbabwe en Nigerië gely. Gedurende 2023 het die direkteure besluit om al die maatskappy se belange in Zimbabwe en Nigerië te verkoop. Hierdie besluit was hoofsaaklik om toekomstige verliese te verminder wat vanweë die verswakkende ekonomieë van hierdie lande kan voorkom. Inflasie het handuit geruk, wisselkoerse was op 'n absolute laagtepunt en die waarde van eiendom het aansienlik gedaal, wat veroorsaak het dat die onderneming verskeie onvoorsiene verliese gely het.
- Al die eiendomme en toerusting in Nigerië is gedurende 2023 verkoop en die onderneming het uit Zimbabwe en Nigerië onttrek. Al die eiendom en toerusting wat in Zimbabwe gebruik is, was gehuur.
- Vanweë die verliese wat gely is, sal geen dividende in 2023 verklaar of betaal word nie, hoewel 'n dividend van **R419 662 500** in 2022 betaal is.
- Die onderneming het op die uitbreiding van die mark vir aluminiumblikkies in Suid-Afrika en Angola begin fokus. Vier **nuwe aanlegte** vir die vervaardiging van blikkies is gebou. Hierdie nuwe aanlegte is gefinansier deur die bykomende lening wat gedurende die jaar verkry is.
- Meer ondernemings skakel oor na blikkies wat herhaaldelik herwin kan word. Wat handelsmerk betref, is pasgemaakte geleenthede eindeloos. Blikkies se duidelike vorm en lewendige drukwerk dra 'n gevoel van professionalisme en innovasie oor, wat produkte aanlokliker maak.

Aandelekapitaal

Die onderneming het **27 977 500** uitgereikte aandele gehad op 1 Oktober 2022. Op hierdie datum was die aandeleprys per aandeel R128,50. Volgens Walletinvestor sal die prys van Nampak-aandele geleidelik oor die lang termyn styg. Hul voorspellings is soos volg:

Mei 2023 – R145,90 per aandeel

September 2023 – R187,07 per aandeel

5 jaar van nou af – R439,40 per aandeel

Nampak se teenwoordigheid

Die onderneming is (na onttrekking uit Nigerië) in 9 lande werksaam en het **4 500** werknemers wat by 30 vervaardigingsaanlegte in hierdie 9 lande werk.

Al die werknemers is op 'n bonus geregtig indien die gestelde teikens vir die finansiële jaar behaal word. Aangesien die onderneming 'n verlies gely het, is daar besluit om 5 aandele aan elke werknemer uit te reik as hul bonus vir die jaar. Die aandele is op 20 September 2023 uitgereik.

NAMPAK LTD**Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 September 2023**

	2023 '000	2022 '000
Inkomste	21 420 000	21 780 000
Koste van verkope	(11 900 000)	(12 100 000)
Bruto wins	9 520 000	9 680 000
Ander inkomste	1 157 000	137 000
Bedryfsinkomste	10 677 000	9 817 000
Bedryfsuitgawes	(8 462 000)	(4 075 000)
Waardevermindering	409 000	471 000
Ander bedryfsuitgawes	4 889 000	2 958 000
Verliese gely met onttrekking uit Zimbabwe	323 000	134 000
Verliese op verkoop van eiendom en toerusting in Nigerië	2 841 000	512 000
Netto wins voor rente	2 215 000	5 742 000
Rente-uitgawes	(678 600)	(585 000)
Netto wins voor belasting	1 536 400	5 157 000
Inkomstebelasting	(156 000)	(85 000)
Netto wins/(verlies) vir die jaar	1 380 400	5 072 000

NAMPAK LTD**Staat van finansiële posisie op 30 September 2023**

	2023 ('000)	2022 ('000)
Nie-bedryfsbates	9 025 000	10 064 000
Eiendom, masjinerie en toerusting	6 421 000	8 288 000
Beleggings in gesamentlike ondernemings	2 592 000	1 691 000
Huur ontvangbaar	12 000	85 000
Bedryfsbates	7 744 000	8 693 000
Voorraad	5 413 000	3 933 000
Handels- en ander ontvangbares	1 488 660	3 258 520
Kontant en kontantekwivalente	842 340	1 501 480
Totale bates	16 769 000	18 757 000
Ekwiteit en laste		
Aandeelhoudersbelang	4 569 000	7 704 000
Aandelekapitaal	3 502 890	3 500 000
Behoue inkomste	1 066 110	4 204 000
Nie-bedryfslaste	7 809 000	6 721 000
Lenings (18% p.j.)	7 809 000	6 721 000
Bedryfslaste	4 391 000	4 332 000
Handels- en ander betaalbares	4 257 000	2 753 000
Bankoortrekking	134 000	1 579 000
	16 769 000	18 757 000

VRAAG 3 VERSOENING**[26 punte, 31 minute]****DEEL A**

Hilltop Dental Practice koop mediese verbruiksgoedere by Namdental. Aan die einde van Junie 2024 het die saldo van Namdental in die Krediteuregrootboek van Hilltop Dental Practice nie ooreengestem met die staat wat van Namdental ontvang is nie.

Staat op 30 Junie 2024 vir DRIE maande van Namdental ontvang

Namdental				
Aan: Hilltop Dental Practice hilltopdent@mail.com			Staatdatum: 30 Junie 2024 Bepalings: 30 dae	
			Posbus 839 Windhoek Namibië	
Datum	Beskrywing	Debiet	Krediet	Saldo
April 1	Saldo			7 130
15	Faktuur 194	5 320		12 450
17	Kredietnota 78		1 790	10 660
20	Kwitansie 94		8 430	2 230
20	Kwitansie 94 (Korting)		430	1 800
Mei 4	Faktuur 219	3 100		4 900
6	Kwitansie 98		4 300	600
10	Kredietnota 89		190	410
Junie 11	Faktuur 280	15 160		15 570
13	Kredietnota 96		2 140	13 430
20	Faktuur 301	8 100		21 530
Bepalings is streng 30 dae. Rente van 12% p.j. sal gehef word op rekeninge wat na 60 dae uitstaande is.				

Krediteuregrootboek van Hilltop Dental Practice vir DRIE maande:

NAMDENTAL				
Datum	Beskrywing	Debiet	Krediet	Saldo
April 1	Saldo			7 450
15	Faktuur 194		5 320	12 770
17	Debietnota 24	1 790		10 980
20	EFO	8 430		2 550
Mei 4	Faktuur 219	3 010		(460)
6	EFO	4 300		(4 760)
	Korting toegestaan	140		(4 900)
9	Faktuur 250		7 240	2 340
10	Debietnota 36	190		2 150
Junie 11	Faktuur 280		15 160	17 310
13	Debietnota 44	2 140		15 170
20	Faktuur 301		8 100	23 270
30	EFO	19 000		4 270
	Korting toegestaan	1 960		2 310

Bykomende inligting:

1. Die vorige krediteureversoening is gedoen voordat die boekhouer vir drie maande op kraamverlof gegaan het. Die versoening moet dus gedoen word vir die drie maande tydperk April tot Junie 2024.
2. Daar is vasgestel dat die beginsaldo op 1 April verkeerd bereken is deur Namdental.
3. Op 20 April het Namdental korting aan Hilltop Dental Practice toegestaan.
4. Faktuur 219 is deur Namdental aan Hilltop Dental Practice uitgereik. Die korrekte bedrag vir faktuur 219 is R3 110.
5. Korting van R140 is verkeerdelik deur Hilltop Dental Practice opgeteken.
6. Faktuur 250 vir R7 240 is deur Namdental aan Hilltop Dental Practice uitgereik.
7. Alle ander transaksies is akkuraat opgeteken.

DEEL B

Hilltop Dental Practice eis direk by die verskillende mediese fondse. Betalings van die mediese fondse word 60 dae nadat die eise ingedien is, ontvang.

Pasiënte moet 10% van die rekening direk na elke afspraak betaal.

Die volgende staat vir DRIE maande is aan mnr. Kavari, een van Hilltop Dental Practice se pasiënte, gestuur.

Hilltop Dental Practice				
Aan: Kevin Kavari kevin66@gmail.com		Praktyknommer: 890 28635 Posbus 789 Tsumeb		
		Staatdatum: 30 Junie 2024 Bepalings: 30 dae		
Datum	Beskrywing	Debiet	Krediet	Saldo
Jan 1	Konsultasie	940		940
	Kwitansie 123		94	864
Maart 14	Fluoriedbehandeling	1 430		2 276
	Kwitansie 178		143	2 133
Mei 27	Pas draadjies	2 500		4 633
	Kwitansie 267		250	4 383

Op 1 Julie 2024 is mnr. Kavari deur 'n hokkiebal getref en hy het onmiddellike tandheelkundige hulp van Hilltop Dental Practice vir sy gebreekte tand nodig. Aangesien sy rekening agterstallig was, het hy nie die nodige hulp ontvang nie en hy moes na 'n ander tandheelkundige praktyk gaan.

Mnr. Kavari was nie bewus van die uitstaande betalings aan Hilltop Dental Practice nie, aangesien hy onder die indruk was dat hulle alle eise by die betrokke mediese fonds ingedien het.